**25 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 79**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 79:8b**

## Help tog gou, Here!

Nes al die ander, is ook hierdie ‘n psalm vir alle tye. Want hoe dikwels moet God se kerk en kind vandag nog huil dat ons kragte gedaan is? Ons is verwoes, verneder en in die proses is die eer van die Here geskend.

Waaraan is hierdie swakheid by kerk en godskind te wyte? Die digter dink nie daaraan om die heidene alleen te blameer vir die bloedbad wat hulle aangerig het nie. Dit is weens die voorgeslag se sondes dat God aan hulle ‘n vrye hand gegee het om sy volk dit aan te doen. Die digter smeek nou om vergifnis. Hy soebat dat God tog gou sal red en dat Hy die goddelose vir hulle kwaad sal straf, ter wille van sy eer.

Ook by ons moet daar bo alles skuldbelydenis wees. Eers dan mag ons roep om die hulp van die Here, om Christus wil.

Nooit is God se ware volk meer vertrap, sy eer meer geskend as op Golgota nie. Daar is sy tempel ontheilig aan sy Seun self, maar daardeur het God die skuld van alle geslagte op Christus laat neerkom. Daarom kan ons, vertrouend op Christus, om God se ontferming pleit. Ook kan ons op grond daarvan om verlossing uit ons nood smeek. Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gee.

*Sing: Psalm 68:1 ,2, 9* *Ds Cornel Nagel (Messina)*